

DIE GEBROEDERS DEAS: KAR- EN WAMAKERS VAN OUDTSHOORN 1875—1900

I.J. Ferreira

C.P. Nel-museum, Oudtshoorn

In 1847—48 het landmeter John Ford die dorp Oudtshoorn op die plaas Hartebeestrivier van C.P. Oudtshoorn uitge-meet.¹ Spoedig het verskeie handelaars en ambagslui hulle op hierdie nuwe dorp gevestig. 'n Groot aantal van Oudtshoorn se eerste inwoners was immigrante uit die Britse Eilande wat as gevolg van die Industriële Rewolusie na die kolonies moes uitwyk vir beter werksomstandighede.


William Deas (1803—1876) het in 1853 van Dunfermline, distrik Fife in Skotland, na die Kaapkolonie gekom. Hy was vergesel van sy vrou Isabella (gebore Burns), sy seuns James (8.2.1826—31.5.1886) en Gavin (1842—1904), sy twee dogters Christina en Hellen, James se vrou Isabella (7.12.1822—29.4.1886), met wie hy op 15.12.1848 getroud is, en hulle gesin. William het hom in 1855 op Beaufort-Wes gevestig, terwyl James in 1857 met sy gesin en susters Christina en Hellen² op Oudtshoorn gaan woon het waar hy met 'n handelsonderne-ming begin het.³

sy vader gaan werk.⁴ Op sestienjarige leeftyd het hy begin om die grofsmidambag van Alexander Young (7.2.1824—25.7.1896) te leer. Young was 'n Skot wat in 1858 na Oudtshoorn gekom en teen 1865 reeds 'n gevestigde warrakery gehad het.⁵

In 1868 het James Robert hom by sy broer William gevoeg om hom as kar- en wamaker te bekwaam en in 1875 het die broers besluit om hulle eie wamakery te

William Deas (voor in die middel) as lid van die Spoorwegpromosie-komitee.

FOTO: I.J. FERREIRA (REPRODUKSIE)



DIE GEBROEDERS DEAS

James se oudste seuns, William (24.8.1849—12.10.1931) en James Robert (18.3.1852—15.8.1927) het hulle skoolopleiding op Oudtshoorn ontvang. William wat baie klein van persoon was, het die skool verlaat toe hy veertien jaar oud was en op die plaas van 'n goeie vriend van

A. APPEL, *Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu — 'n sosio-historiese studie* (D.Phil., UPE, 1979), pp.195—197.

2. C.P. Nel-Museum, Oudtshoorn, familielêers (FDI): Gedeeltelike familieregister van die Deas-familie.
3. *Oudtshoorn Courant*, 3.6.1886. (*Oudtshoorn Courant* van 1879 tot 1974 in C.P. Nel-Museum se dokumentekamer).
4. *Oudtshoorn Courant*, 12.10.1931, 15.8.1927 en 28.6.1969.
5. C.P. Nel-Museum, lêer W.M. 27: Werkstuk Alexander Young.



James Robert Deas.

I.J. FERREIRA (REPRODUKSIE)

begin. As gevolg van hierdie vennootskap wat tot November 1900 geduur het, het 'n wamakersfirma tot stand gekom wat in die tagtigerjare een van die grootstes in die Kaapkolonie was.⁶

Op 28 Mei 1879 het die Gebroeders Deas in die eerste uitgawe van die *Oudtshoorn Courant*, wat deur die broers John en Hedley Pocock gestig is, geadverteer. Hieruit blyk dat dié firma ook gespesialiseer het in die maak van "gebereide tuie", stoffeer- en skrynwerk. Die

Naafdop uit die wamakery van die Gebroeders Deas.

FOTO: I.J. FERREIRA



perseel waarop die onderneming gedryf is, was erf 452 (Xenia-kafee en Klass & Co.) en het gestrek tot teen die Grobbelaarsrivier waar die swaaibrug vandag is. Van die oorspronklike geboue is nog te sien op die perseel van Klass & Co.⁷

Gebroeders Deas, OUDTSHOORN.

*Wagen, Kar, Spider, Tuigen,
Zadel en Schoenmakers.*

DE nieuwste machinerie ingevoerd hebbende om arbeid te besparen, zyn nu in staat, behalve de vele rytuigen voor Transvaal, Orange Vrystaat en andere deelen gemaakt, ook alle soorten van repareer werk aan te nemen van vrienden in ons Distrikt, en wel tegen de *billykste* pryzen.

Kennisgewing in die Oudtshoorn Courant van 5 Februarie 1891.

FOTO: I.J. FERREIRA

In die begin van 1882 het die Gebroeders Deas in die *Oudtshoorn Courant* aangekondig dat hulle hul onderneming uitgebrei het met die indiensneming van nog 'n koetsskilder (A. McLaggan), twee afwerkers ("trimmers") en 'n tuiemaker (John Combrinck).⁸ Die firma is in 1892 gemoderniseer met die installering van die nuutste stoomaangedrewe houtwerkmasjinerie. Dit het die tekort aan vakmanne verlig en meegebring dat bestellings gouer afgehandel kon word.⁹

PRESTASIES

Die produkte van die Gebroeders Deas was spoedig van so 'n hoogstaande gehalte dat hulle reeds van 1885 af op landbou- en tuinboukoue oor die hele Kaapkolonie meegeing het.

Op die Port Elizabethse nywerheidskou van 1885 het die firma sy eerste medaljes vir verekarre gewen,¹⁰ gevolg

6. *Oudtshoorn Courant*, 30.10.1900.

7. *Oudtshoorn Courant*, 31.10.1900 en 12.10.1931; C.P. Nelmuseum, dokumentekamer: Munisipale straatplan, 1883.

8. *Oudtshoorn Courant*, 7.3.1882.

9. *Oudtshoorn Courant*, 5.2.1891.

10. Die medalje is in die C.P. Nelmuseum; *Oudtshoorn Courant*, 26.8.1886; *Evening Post* (Port Elizabeth), 9.10.1959.

deur 'n eerste prys vir 'n veersitplekkar en 'n eerste prys vir 'n "buggie" op die George-landbouskou van 1886.¹¹ In die daaropvolgende jaar het die firma drie goue en drie silwer medaljes uit 'n moontlike nege wenpryse op die Oudtshoornse tuinbouskou vir viersitplekverekarre en togwaens verower.¹² Hierna is ook medaljes op die Jubileum-tentoonstelling in Grahamstad (1887), die Oudtshoornse landbouskou in 1891 en die Kimberleyse nywerheidskou in 1892 aan die firma toegeken. In 1893 is 'n tweesitplek-Kaapse kar deur die firma by die Pretoriase skou uitgestal.¹⁴



Een van die medaljes wat die Gebroeders Deas op die Port Elizabethse nywerheidskou van 1885 gewen het.

FOTO: I.J. FERREIRA

Na die Oudtshoornse landbouskou van 13 Mei 1891 het daar 'n hewige polemiekk in die *Oudtshoorn Courant* ontstaan oor die toekenning van 'n silwer medalje aan die Gebroeders Deas vir 'n verekar. Die Gebroeders Deas was ontevrede oor die silwer medalje wat die beoordelaars, Alex Young, R. Cole (Oudtshoorn) en F. Brink van Calitzdorp aan hulle toegeken het. Die goue medalje in dié bepaalde prysklas is toegeken aan Bob Paterson en Thomas Matchett wat hulle opleiding by die Gebroeders Deas gekry het. Een van die beoordelaars, R. Cole, was net voor die skou tydelik in die diens van Paterson en Matchett en die Gebroeders Deas het gevoel dat hulle inskrywing daardeur benadeel is.¹⁵

Van verskeie kante, onder meer van Gibson Transport van Kimberley en van Weston & Co. van Colesberg, is aanprysings vir hoogstaande werk aan karre en waens deur die Gebroeders Deas aan die plaaslike koerant gestuur.¹⁶ Arthur Douglass, lid van die Kaapse laerhuis vir Grahamstad, het Oudtshoorn op 28 Junie 1886 besoek om die plaaslike nywerhede te ondersoek. Die wamakerie van die Gebroeders Deas het 'n groot indruk op hom gemaak en tydens 'n toespraak het hy daarop gewys dat hulle en Oudtshoorn trots kon wees op dié onderneming.¹⁷

Die Gebroeders Deas het ook die bekende Haak-sekoets gebou wat van 1886 af passasiers van Oudtshoorn af oor die Swartbergpas na Prins Albert en die spoorweg-aansluiting by Prins Albert-weg en weer terug na Oudts-

TESTIMONIUM.

Fort Salisbury,
20sten July, 1891.

Den heeren DEAS & GEBROS.,
Oudtshoorn.

Waarde Heeren, —Ik zend u by dezen een paar regelen om zo te melden, volkomen ik tevreden ben over den Reiswagen door UEd. gemaakt voor onze reize naar Mashonaland.

Hy werd erg op de proefgesteld over een nieuwen weg van over de 800 mylen tussehen Vryburg en deze plaats; doch ben hier gekomen zonder een zwakke plek of aan het hout of aan 't yzer te bespeuren.

De wagen wordt door iedereen bewonderd en het verschaft my groot genoegen in staat te zyn u een gunstig rapport te zenden.

k ben de uwe,

H. W. FOURIE, JR.

'n Getuigskrif vir die Gebroeders Deas in die *Oudtshoorn Courant* van 14 Augustus 1891.

FOTO: I.J. FERREIRA

hoorn vervoer het.¹⁸ Verskeie van die ouer inwoners van Oudtshoorn en Prins Albert kan nog die benoude oomblikke in dié pas onthou toe dit gelyk het of die koets wou omval. Dikwels het die passasiers langs die koets gestap as die vrag te swaar was vir die ses trekperde.¹⁹

Aan die einde van 1894 het die sakebedrywighede begin afneem as gevolg van reorganisasie en plaaslike mededinging. Dit het daartoe gelei dat 'n groot aantal vakmanne hulle werk verloor het.²⁰ In die middernagtelike ure van 26 Januarie 1895 het 'n brand in die kar- en wamakerswinkel uitgebreek. Konstabel J. van Rooyen was in die omgewing aan diens en het dadelik alarm gemaak. Die brand was gou onder beheer en slegs geringe skade is aangerig.²¹

11. *The George & Knysna Herald*, 24.3.1886 (kopie in George-Museum).
12. *Oudtshoorn Courant*, 14.4.1887.
13. *Oudtshoorn Courant*, 15.12.1887, 21.5.1891 en 2.10.1892.
14. *Oudtshoorn Courant*, 20.4.1893.
15. *Oudtshoorn Courant*, 21.5.1891—16.7.1891.
16. *Oudtshoorn Courant*, 22.11.1890.
17. *Oudtshoorn Courant*, 1.7.1886.
18. *Oudtshoorn Courant*, 15.2.1888.
19. Mej. Dina Snyders, Randstraat 191, Oudtshoorn: Persoonlike mededeling.
20. *Oudtshoorn Courant*, 14.1.1895.
21. *Oudtshoorn Courant*, 28.1.1895.



Die wamakery van die Gebroeders Deas in 1880.

FOTO: F. MUND (REPRODUKSIE)

Teen die einde van 1899 het die werksaamhede sodanig afgeneem dat die vennootskap ontbind is. 'n Vendusie is op 23.11.1900 gehou om die perseel en geboue daarop te verkoop.²²

DIE DEAS-BROERS IN DIE OPENBARE LEWE

Reeds van 1875 af was die twee Deas-broers betrokke by die bestuurs- en openbare liggame van Oudtshoorn. Albei was vir etlike jare diaken en ouderling in die plaaslike Ned. Geref. gemeente. Hulle firma het dikwels opgetree as agent vir herstelwerk aan die plaaslike Ned. Geref. kerkgebou en pastorie.²³

William Deas

Dit was veral William Deas met sy vriendelike en hulpvaardige optrede wat dikwels gekies is om die leiding te neem. Toe dit in 1878 gelyk het of daar nie genoeg fondse was om die toring van die Ned. Geref. kerkgebou te voltooi nie, het William dadelik met 'n geldinsamelingsveldtog begin.²⁴ Hy is daarna ook aangestel in die reëlingskomitee vir die inwyding van die Ned. Geref. kerkgebou op 6 Junie 1879.²⁵

In 1881 het hy lid geword van die eerste skoolkomitee van die Hoër Seunskool en in 1890 is hy aangestel in die plaaslike Spoorweg-promosiekomitee.²⁶ Op 22 Augustus 1893 is hy verkies tot voorsitter van die Afrikaerbond van die distrik Oudtshoorn.²⁷ In die negentigerjare was William ook vir verskeie jare skriba-kassier van die plaaslike Ned. Geref. Moedergemeente.²⁸

Na die ontbinding van die vennootskap in 1900 en die verkoping van die eiendom het William Deas hom by Matjiesfontein op die plaas Grootkraal gaan vestig waar hy hom op volstruisboerdery toegelê het. Hy het ook vir hom 'n klein werkwinkel ingerig en die wamakery op klein skaal voortgesit.²⁹ Op die Oudtshoornse landbouskou van 1907 het hy die afdeling vir die beste kortwa vir plaaswerk gebuit en was ook die wenner tydens 'n spesiale uitstalling van 'n halfuitgeligte, verlengde bokwa.³⁰ Gedurende die Oudtshoornse landbouskou van 1912 het William Deas saam met Robert Paterson en John Warren opgetree as beoordelaar in die afdeling sytuie.³¹

Op 30 Julie 1914 het William vir die Engelssprekende lidmate van die Ned. Geref. gemeente van Oudtshoorn in die bresse getree na aanleiding van 'n besluit op 18 Julie 1914 om die prediking en die bediening van die sakramente in Engels af te skaf, en gepleit dat daar nie tweedrag en twis moet ontstaan nie.³² 'n Groot eer het hom in 1918 te beurt geval toe hy gevra is om 'n bydraë

22. *Oudtshoorn Courant*, 8.11.1900.

23. *Oudtshoorn Courant*, 27.9.1881.

24. *Oudtshoorn Courant*, 15.8.1927 en 12.10.1931.

25. *Oudtshoorn Courant*, 11.6.1879.

26. *Oudtshoorn Courant*, 17.2.1881 en 13.6.1895.

27. *Oudtshoorn Courant*, 22.8.1893.


28. Ned. Geref. Moedergemeente, Oudtshoorn: Kerkregisters, 1895–1899; C.P. Nel-Museum, lêer K/G18/1: Inkomste- en uitgewestate, 1895-1898.

29. *The general directory of South Africa for 1905* (Kaapstad, 1905), p.566.

30. *Oudtshoorn Courant*, 24.3.1907.

31. *Oudtshoorn Courant*, 1.4.1912.

32. Ned. Geref. Kerkargief, Kaapstad, afdeling Oudtshoorn: W. Deas – Kerkraad, Ned. Geref. Kerk, Oudtshoorn, 30.7.1914 ('n fotokopie van hierdie brief is in die C.P. Nel-Museum, Oudtshoorn, lêer W.M. 7).



'n Wa wat die Gebroeders Deas in 1891 vir ds. G.W. Stegmann (jr.) gebou het vir sy reis na Rhodesië.

FOTO: F. MUND (REPRODUKSIE)

oor Oudtshoorn te skryf vir 'n omvattende publikasie oor die Ned. Geref. Kerke.³³

William Deas is op agt-en-twintigjarige leeftyd met Agness Adamson (1854–1928), afkomstig van Braemer in Skotland, getroud. Hulle het sewe kinders gehad. Op 12 Oktober 1931 is William Deas, een van Oudtshoorn se groot manne, in die huis van sy skoonseun op Wellington oorlede.

James Robert Deas

Hoewel minder prominent as sy broer, het James Robert Deas ook sy plek in die openbare lewe vol gestaan. Met die uitbreek van die Tamboeki-oorlog in 1880 moes Oudtshoorn en distrik 150 manskappe voorsien. James Robert was een van hierdie manne wat deur kommandant H. Ferreira aangevoer is.³⁴ Hy was ook lid van die plaaslike Vrymesselaarslosie.³⁵

Nadat die vennootskap met sy broer William ontbind is, het James Robert 'n stoomsaagmeule en 'n ko-

ringmeule op erf 455 opgerig. Hy het hom veral op die maak van meubels en op konstruksiewerk toegelê.

In die begin van 1911 het hy 'n "spaaider" gebou waarin hy al sy vakmanskap uitgestort het. Dié rytuig, van stinkhout, rooi-els en witels, is bekroon met die eerste prys op die Oudtshoornse landbouskou van 1911. Die "spaaider" is later in die *Farmers' Weekly* geadverteer en is deur mev. Rachel Steyn, die weduwee van oud-president M.T. Steyn, gekoop. Die voorgestelde prys was £80, maar mev. Steyn was so beïndruk met die vakmanskap en pragtige houtafwerking dat sy £100 daarvoor betaal het.³⁶

James Robert Deas is in 1883 met Anna C. Fredericks (1862–1933) getroud en hulle het nege kinders gehad. Hy is op 15 Augustus 1927 op Oudtshoorn oorlede.³⁷ **E**

33. *Ons kerk album Hollandsche kerken en leeraaren* (Kaapstad, 1917), pp.90–9.

34. *Oudtshoorn Courant*, 2.11.1880.

35. Foto in Cango Lodge-Museum, Oudtshoorn; *Oudtshoorn Courant*, 12.10.1931.

36. *Oudtshoorn Courant*, 14.4.1956 en 16.6.1969.

37. C.P. Nel-Museum, Oudtshoorn, lêers (F) en W.M. 7.